# Lesing 22 - 31 Maart 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openb.. 24 ontvang deur Daniel op 5 September 2018

"Kneg van MY LIEFDE, EK IS WAT EK IS! Skrywe vêrder vir MY volgens die noot van MY Stem. EK stuur MY voorlopers van MY LIEFDE uit! EK het ook MY Gevegsarende losgelaat om julle wat MYNE is by te staan in die midde van die geestelike oorlog.

MY kinders, EK het gesê: 'WAG OP MY!' Hierdie Woorde van MY beteken dat julle MY moet volg in alle oorgawe, geloof en gehoorsaamheid. EK moet julle ook op elke oomblik beproef, gebaseer op besluite wat julle maak: MY Wysheid en Leiding of wêreldse dwaasheid van julle verstand. **EK het vir julle MY Trooster gestuur om julle te lei en verder te lei in MY LIEFDE en Verborgenhede.**

Waarom het EK dit gedoen? MY vraag aan julle is: Watter kind se pa sal homself totaal en al verberg sodat sy eie kind nie eens weet wie of hoe sy pa is nie? In hierdie tyd het EK vir julle **'n Rigtingwyser gegee, 'n Kragtige Wiel in MY NAAM van LIEFDE, 'n Anker van Verlossing** om julle terug te kry op MY Weë van Apartgestelde LIEFDE, want NIEMAND kom na die VADER as deur MY nie! EK IS die WEG van Suiwerheid en Opofferende LIEFDE wat NET deur MY WAARHEID geskied! VOLG MY en EK bring julle na MY LEWE, die Ewige Volmaakte LEWE in en deur MY, EK IS!

VADER, julle Liefdevolle VADER IS LIEFDE, HY wat met julle praat in julle harte! HY wat **op die Troon** regeer: HY IS GEES! Daarom MY kinders: Julle moet soos kindertjies word en weer afhanklik op MY Krag en GEES vertrou met volle oorgawe en nederigheid. Julle moet julle fokus van Vertroue verskuif vanaf die wêreld na MY, die EWIGE VOLMAAKTE KRAG!

Voor MY Aangesig moet julle totaal nederig word; sagmoedig, vrolik en vriendelik. Wanneer daar 'n gevoel van hoogmoed en kwaad in julle opkom, kniel dadelik neer voor MY en EK verskaf aan julle MY gereedskap om daardie bossies uit te haal. Om julle harte vir MY te kom gee vir 'n hart van vlees beteken om totaal binne MY Orde van LIEFDE te kom **deur die Trooster wie julle daardeur lei in Waarheid,** maar julle moet ten alle tye gehoorsaam wees omdat EK hulle wat louwarm is uitspuug! Julle kan nie twee meesters dien nie, MY kinders!

Wandel saam MY, in en deur MY. EK gee MY Hemelskatte aan julle wat op MY wag en op MY vertrou met **MY Sewe Vure binne julle**. Julle maak foute, MY kinders en dit is nie altyd maklik om die versoekinge teen te staan nie, maar tog sê EK, die ALMAGTIGE: Met MY aan julle sy, IS dit maklik! Julle is tot ALLES in staat deur MY wat julle KRAG gee, maar daar is een voorwaarde: **Gehoorsaamheid as Liefde bo ALLE Liefde vir MY en julle naaste**."

Ode 23 [oor 'n Boek, die Plaat van Herinnering.]

4 Wandel in die Kennis van die Hoogste El, en jy sal die Guns van JaHWeH, sonder teësinnigheid, ken: SY jubeling en die Suiwerheid van SY Kennis.

5 SY gedagtes was soos 'n Boekrol, SY Wil het neergekom van omhoog; [JeshaJaH 5:28]

6 En hy is gestuur soos 'n pyl uit 'n boog, wat afgevuur word met krag; [Openbaring 6:2; Psalm 127:4]

7 En vele hande het afgepyl op die Boekrol om hom te gryp en hom te neem en hom te lees;

8 En hy het uit hulle vingers ontsnap; en hulle was vol vrees vir hom **en vir die Seël wat op hom was**. [JeshaJaH 29:10-12]

9 **Want hulle was nie toegelaat om sy Seël te verbreek nie, want die Krag wat op die Seël was, was groter as hulle.**

10 Maar hulle wat hom gesien het, het agter die Boekrol aangegaan, sodat hulle kon weet waar sy bestemming was, en wie hom sou lees, en wie hom sou hoor. [JeshaJaH 29:18-21; Maleagi 3:16]

11 **Maar 'n wiel het hom ontvang, en sy het op hom neergedaal;**

12 Tesame met hom was 'n **Teken van Koningskap en van Heerskappy.**

13 **Alles wat voor die wiel beweeg het, het hy gemaai en afgesny;**

14 Hy het 'n menigte van teëstanders versamel; en Hy
het riviere bedek; 15 Hy het oorgegaan en baie volke
ontwortel en 'n breë Pad gemaak. 16 **Die Hoof het
neergedaal na die Voete, want sovêr as die Voete
gaan het die wiel gerol saam met hom wat op haar
was**.

17 Hy was 'n **Boekrol en 'n Bevel**, want alle plekke is byeengebring.

18 **Op sy hoof het die Hoof verskyn wat geopenbaar is, en die Seun van die Waarheid van die Hoogste El VADER.**

19 Hy het van alles besit geneem en hom ontvang; en die denke van vele het tot niks gekom nie.

20 En almal wat op 'n dwaalspoor gelei is, het ontsnap en gevlug en hulle wat vervolg het, is vernietig en uitgewis.

21 **Maar die Boekrol het 'n groot Plaat van Herinnering geword, wat geheel en al geskryf is deur die Vinger van Elohim; en die Naam van die VADER was op hom, en van die Seun, en van die Gees van Apartheid, om te regeer vir Ewig tot in Ewigheid.** *[Maleagi 3:16; Openbaring 14:1; Exodus 28:36-37]*

Halalu-JaHH/Prys jul JaHH!

EINDTYD 1 - Hoofstuk 1 Die Eindtyd behoort aan Sion, Juda en Nuwe Jerusalem

Veronika West, The Valley of Great Awakening and Victory. 22 Julie 2021.

Daar kom 'n geluid uit die dieper dimensies van die Gees en ek sien 'n wiel van brandende vuur binne 'n wiel, ... binne 'n wiel, ... en ek sien die wiel binne die wiel van brandende vuur dra 'n geluid, 'n geluid wat verwarring in die koninkryk van die duisternis begin veroorsaak het, 'n geluid wat die optogte van Satan begin verdoof het. Ek het hierdie vlammende wiel binne 'n wiel, binne 'n wiel sien draai om die nasies. Ek het gekyk hoe swaar donker geestelike atmosfeer oor Nasies en sekere Volke se gebiede onmiddellik begin lig word. Die klank het 'n heerlike lig voortgebring wat nie net die duisternis verdryf het nie, maar dit het elke verborge agendas en opdragte van Satan volledig belig en blootgelê.







